Wêreldbond plaas ekonomiese geregtigheid op tafel

Piet Strauss

Die effek van globalisering

Die globalisering van die ekonomie en die verabsolutering van die vrye markstelsel wat voorgehou word as die enigste oplossing vir armoede en die behoefte aan groei en ontwikkeling in veral Afrika en Latyns-Amerika, het eerder die effek dat die rykes ryker word en die armes armer. 'n Mark wat geheel en al gedereguleer word en gebaseer is op onbeheersde mededinging, "verbruikerisme", onbeperkte ekonomiese groei en 'n jag na welvaart, bevoordeel die ekonomies sterkes en verontreg die ekonomies swakkes. Boonop loop dit hand aan hand met die vernietiging van die ekologie en natuurlike hulpbronne.

Hierdie neo-liberalistiese ekonomiese wêreldorde matig hom "soewereiniteit" oor die lewe aan. Dit reduseer alles - selfs mense - tot ekonomiese faktore en kom neer op afgodery. Daarom bring dit die Christelike geloof ernstig in gedrang. Dit plaas kerke voor die keuse: of God of Mammon.

Hierdie uitspraak is waarskynlik die belangrikste van die sewejaarlikse algemene vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke wat van 30 Julie tot 12 Augustus in Accra in Ghana byeengekom het. Die bond trek 215 kerke met 75 miljoen lidmate uit 107 lande saam. Dit was my beskore om die NG Kerk op die vergadering te verteenwoordig.

Die Wêreldbond het in 1982 groot bekendheid in Suid-Afrika verwerf toe die algemene vergadering die lidmaatskap van die NG en die Hervormde Kerke vanweë hulle teologiese en praktiese steun aan apartheid opgeskort het. Dit het gepaardgegaan met die afkondiging van 'n status confessionis waardeur die bond wou sê dat 'n kerklike regverdiging van apartheid die Christelike geloof tot so 'n mate in gedrang bring dat kerklike weerstand daarteen op die vlak van 'n belydenis moet beweeg. 'n Status confessionis is die sterkste manier waarop 'n kerklike instansie homself kan uitspreek. Die lidmaatskap van die NG Kerk is in 1998 ten volle herstel.

Konsensus?

Sedert die algemene vergadering in Seoul in 1989 is een van die kernfokusse van die Wêreldbond die sogenaamde globalisering van die wêreldekonomie. In die proses was daar verskeie konsultasies in verskillende wêrelddele waaruit daar 'n breë konsensus gegroei het dat die huidige stelsel onreg en ellende vir die magteloses en die armes meebring.

Waaroor daar verskil met lidkerke uit veral Europa en Amerika is, is of al die skuld vir die arm "suide" teenoor die ryk "noorde" aan die stelsel gewyt moet word. Is die sonde wat ten grondslag lê van die ernstige korrupsie en regsonsekerheid in sommige lande in die "suide" nie mede-aandadig daaraan nie?

n Ander punt van verskil is die vraag of hierdie onreg uitgeskakel kan word deur net verstellings aan die stelsel aan te bring? Daarby is daar - téénoor die aandrang uit veral Afrika en Latyns

Amerika - groot huiwerigheid om 'n nuwe status confessionis met 'n nuwe belydenis oor die saak af te kondig.

Geloofsverklaring by Accra

In wat as 'n voorlopige kulminasiepunt van hierdie debat beskou kan word, het Accra 2004 'n geloofsverklaring oor die saak uitgereik. Hierin is daar ook bely sonder om daarvan 'n belydenis in die klassieke gereformeerde sin van die woord te maak.

Volgens die verklaring word die globale ekonomiese orde beheer deur die ekonomiese, militêre en politieke mag van Amerika en sy bondgenote. Hierdie bondgenootskap is die nuwe "empire" wat sy wil op die wêreld afdwing. Die stelsel word gedryf deur die ideologie van die neo-liberalisme wat voorgee dat privaatbesit nie sosiale verantwoordelikhede meebring nie.

Die verklaring beweer dat die rykste 1% in die wêreld soveel as die armste 57% besit en dat een spesie per uur in 2000 in die ekologie uitgewis is. Elke dag sterf daar 24,000 mense weens armoede en wanvoeding.

Vrae

Wat die NG Kerk betref, plaas hierdie oopgaan van nuwe kontakgeleenthede met kerke oor die wêreld heen ons voor nuwe probleme waaroor ons ons - ook met die hulp van kundige lidmate - sal moet verantwoord. Vrae wat ons eie samelewing ook raak.

My onmiddellike reaksie in Accra was dat die eenvoudige Bybelse waarheid dat die sonde nie net die rykes getref het nie, die eensydigheid van die verklaring en die stelling dat hierdie stelsel "above all" blameer moet word vir die ekonomiese wanbalanse in die wêreld, weerspreek. Waarom dan die groot kloof tussen ryk en arm in Ghana self en waarom die uitsonderings in die "suide"?

Uit 'n Christelike perspektief gesien moet daar natuurlik perke wees aan die vrye mark en die najaag van welvaart. Niemand wat in die greep van die Boodskap leef kan sy rug draai op sy arm naaste of anderpad kyk as 24,000 mens daagliks sterf nie. En die najaag van wins mag nie so op die spits gedryf word dat dit nie saak maak dat mense hulle werk in die proses verloor nie. Vergelyk maar die onlangse strydpunt tussen die vakbond Solidariteit en Iscor met eersgenoemde se sterk argument dat jy nie honderde mense kan afdank as jou wins in die miljoene inloop nie. Vanuit 'n Bybelse koninkryksperspektief gesien gaan dit in die ekonomie ook, of veral, oor die welsyn van mense; oor materiële wins in diens van die totale of omvattende ontwikkeling van die mens – alle mense - in die gemeenskap.

Wat die Wêreldbond betref is die vraag is net: loop die oorsaak van die probleem nie veel wyer as net 'n neo-liberalistiese materialistiese globalisering nie? En, as die Bond weet wat verkeerd is, het hy nie ook 'n verantwoordelikheid om te help dink aan dit wat reg is nie?

Geestelike gemeenskap

Accra was 'n belewenis. Daarvoor sou die kontakte en geestelike gemeenskap met gereformeerdes sover as Taiwan, die Sudan en selfs All Blackland sorg. Dit was 'n belewenis om gereformeerdes in Frans, Duits en Ashanti te hoor bid. Om 'n beeld van die gereformeerde kerke wêreldwyd te kry en agter te kom dat die NG Kerk se sendingwerk in Afrika gelei het tot kerke wat vandag meer as 6 miljoen lidmate tel. Dit is goed dat die NG Kerk ook hier terug is.

Maar, dit was ook 'n gemengde belewenis. Omdat daar nie teologiese diepte in die debatte was nie. Omdat twyfel of Christus die enigste Verlosser is, by sommige deurkom. Omdat daar 'n tamheid by gereformeerdes merkbaar is wat nie net tot die kerke in Europa en die VSA beperk is nie. En omdat die Wêreldbond nie 'n breë basis van eenstemmigheid het nie.

Hoe dit ookal sy, die relevansie van die saak self én ons eie deelname aan die Wêreldbond noop ons om self ook as kerk in te fokus op die idee van ekonomiese geregtigheid. En 'n verantwoordelike kerklik-etiese uitspraak hieroor in ons globale ekonomiese situasie impliseer ook dat ons 'n kundige ekonomiese ontleding kry van die situasie.

Dit kan mos ook in die NG Kerk!